

Project name: AL3283

Date of interview: 26 October 2009

Location of interview: Centurion, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 2 minutes 8 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: Colonel Lucas Ras

Name of translator (if any): De Wet Potgieter

Name of transcriber:

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_RASLUCAS_20091026_1

| | |
|--------|---|
| De Wet | Dit is Maandag 26 Oktober 2009 Centurion. Ek sit hier met kolonel Lucas Ras, voormalige kolonel in die veiligheidstak se D-tak eenheid. Ek wil net graag vandag met hom gesels oor die verregses, hoe effektief hulle was en hoe hulle geïnfiltreer was deur die veiligheidspolisie. Lucas, kan jy net vir ons vertel en noem weer vir my D-tak, wat het dit voor gestaan. |
| Lucas | Ek persoonlik was betrokke by die veiligheidstak met die insameling meer aan die intelligensie se kant. Dit het gegaan oor regse bedrywighede asook linkse bedrywighede. Die regses, die AWB onder meer, ander regse organisasies. My persoonlike ondervinding in hierdie tyd was dat hulle nie baie goed georganiseer was nie, maar baie rondgeval het. Sou hulle 'n terreurdaad uitvoer sou ons binne die volgende twee dae, of in party gevalle dieselfde aand, die inligting kry en opvolg en sal daar arrestasies binne twee of drie dae uitgevoer word om die skuldiges aan te keer. Wat ons ondervind het was dat, ons het gespot met die brandewyn-en-Coke squad, sou hulle 'n bom plant het hulle in 'n kroeg bymekaar gekom en 'n paar drankies gaan drink en brag dan oor wat hulle gedoen het. 'n Ander geval is die Boere-krisisaksie wat 'n totale ander storie was. Die mense was baie meer georganiseer, hulle geledere is |

| | |
|--|--|
| | <p>nie maklik geïnfiltreer nie en in my tyd by die veiligheidstak het ons omtrent geen inligting van die Boere-krisisaksie gekry nie. Baie in teenstelling wat die ander regse organisasies en die AWB was</p> |
|--|--|